

# Rekenaarhoogtepunte 1995–2005

Martin S Olivier

Wat gaan die tien hoogtepunte in die wêreld van rekenaars in die volgende tien jaar wees? Kom ons voorspel; koms ons hoop ook dat die lesers net daardie punte oor tien jaar onthou wat toe gerealiseer het. . .

**Kommunikasie:** Rekenaars gaan vir baie mense die standaard kommunikasie middel word: elektroniese pos en ander vorms van moderne kommunikasie gaan al meer gebruik word. Die telefoon gaan steeds gebruik word, maar sal 'n instrument wees wat ons aan die rekenaar koppel om deur die rekenaarnetwerk te kommunikeer (eerder as wat vandag die geval is waar ons die rekenaar aan die telefoonnetwerk koppel as ons met die rekenaar wil kommunikeer).

**Virtuele realiteit:** Virtuele realiteit is tegnologie waar die rekenaar 'n skynomgewing skep waarin mens jou kan verplaas deur die nodige kopstuk (of ander sig- en gehoorstukke) te gebruik. Virtuele realiteit gaan al meer vir ernstige toepassings (soos opleiding) gebruik word. Wie weet, miskien sien ons ook die eerste treë na virtuele realiteit wat nie net gevoel, beeld en klank in die virtuele wêreld kan naboots nie, maar ook reuk. . .

**Draagbare rekenaars:** Daar sal 'n string innovasies wees wat sal poog om draagbare rekenaars nog meer draagbaar te maak. Van die grootste beperkings op die oomblik is die feit dat toetsborde, skerms en skyfaandrywers nie te klein gemaak kan word nie. Daar sal dus gefokus word op allerhande nuwe maniere om met so 'n klein rekenaar te kommunikeer, byvoorbeeld spraak.

**Mobiele berekening:** Mobiele berekening (waar mens jou rekenaar saam op reis neem) gaan al gewilder word. Hotelle, vliegtuie en konferensiefasiliteite sal oor netwerkverbinding beskik—dus sal mens, waar jy ook al sit en werk, verbind kan wees met die netwerke wat jou van die broodnodige inligting en kommunikasievermoë sal voorsien.

**Intelligente huishoudelike toestelle:** Rekenaars wat in toestelle in die huis ingebou is gaan al meer soos algemene-doel rekenaars gebruik word: Die

manier waarop 'n mens jou woordverwerker op jou persoonlike rekenaar aktiveer en die manier waarop mens jou mikrogolf aanskakel gaan min of meer eenders wees. (Bill Gates van Microsoft verkoop hierdie gadagte nou al 'n rukkie lank.) Voorts sal al hierdie intelligente toestelle (hopelik) met 'n netwerk verbind wees sodat ek my televisie vanaf my rekenaar kan aan- en afskakel. Wat dit veral nuttig sal maak is die feit dat my rekenaar waarskynlik per netwerk aan bykans alle ander rekenaars in die wêreld verbind sal wees: Ek sal dus my verwarmers en ligte tuis vanaf die kantoor kan aanskakel wanneer ek die kantoor verlaat of selfs my video-opnemer in Suid-Afrika vanaf my hotelkamer in Europa, waar ek vakansie hou, kan stel om 'n televisieprogram op te neem.

**Ergonomika:** Omdat mense soveel meer tyd voor die rekenaar sal spandeer, sal ergonomika al belangriker word. Dit is moontlik dat 'n rekenaar oor tien jaar heel anders lyk as wat vandag die geval is. Dink maar aan die nuwe toetsborde wat onlangs deur 'n aantal maatskappye bekend gestel is en wat glad nie meer soos 'n reghoek met 'n reëlmatige uitleg van toetse lyk nie.

**Groepware:** Sogenaamde 'groepware' toepassings word tans ontwikkel om groepe mense beter te laat saamwerk. Binne die volgende paar jaar sal dit so verfyn word dat dit die voorkoms van 'n tipiese werkgroep totaal kan verander. 'n Groep met lede wat vandag in dieselfde gebou moet werk om 'n projek af te handel, sal dan regoor die wêreld versprei kan wees.

**Werkings van rekenaars:** Die interne werking van rekenaars sal nie veel verander nie—die basiese beginsel agter die werking van 'n moderne rekenaar is nog steeds die Von Neumann-model wat sedert die vroegste moderne rekenaars in die 1940's gebruik is. Neurale rekenaars en ander moderne ontwikkelings sal net vir spesiale toepassings aangewend word.

**Wetgewing:** Wetgewing sal meer kennis neem van die gebruik van die rekenaar omdat soveel meer transaksies (waarby individue én maatskappye betrokke is) per rekenaar sal plaasvind.

**Vinniger, kragtiger, kleiner:** Die een voorspelling wat mens kan maak sonder vrees van teenspraak is dat rekenaars oor tien jaar soveel vinniger en fisies kleiner, maar met meer geheue en stoorruimte sal wees dat dit wat ons vandag beïndruk, soos speelgoed sal lyk.

Martin S Olivier, “Rekenaarhoogtepunte 1995–2005,” *Tien uit Tien — ’n Bylae met De Kat se tiende verjaardaguitgawe*, p. 64, Julie 1995

Voorgelegde manuskrip; gepubliseerde artikel se teks is geredigeer  
Bron: <http://mo.co.za>